LAERSKOOL IMPALA
SELFOONBELEID

In die lig van verandering, vernuwing en veiligheid het dit al hoe meer belangrik geword dat leerlinge, soms op aandrang van hul ouers, in besit is van selfone gedurende skoolure. Om dus 'n "Geen selfone by die Skool" beleid te volg is nie prakties in 'n tegnologiese gevorderde samelewing nie.

Daar word 'n ernstige, tog vriendelike beroep op ouers gemaak om toe te sien dat leerders verkieslik **NIE** hul selfone skool toe bring **NIE**.

A. Die volgende reëls is van toepassing indien 'n leerder 'n selfoon skooltoe bring:

1. 'n Leerder se foon moet geblokkeer wees teen volwasse materiaal indien die foon internet toegang het en visuele materiaal soos foto's van ander fone kan ontvang.
2. Indien 'n leerder 'n foon het wat slegs basiese funksies het soos, oproepe maak en ontvang en SMS'e stuur en ontvang, is dit nie van toepassing om die foon te blokkeer nie.
3. 'n Leerder se foon moet op een van die volgende maniere beveilig word:

    3.1. **"Pornblocker"** is 'n diens wat ouers in staat stel om hul kinders te beskerm teen toegang tot pornografie via hul selfone.

    3.1.1. SMS die woord "BLOCK" en u kind se selfoonnommer na 41333. Volwasse inhoud word sodoende vir 'n jaar lank na 'n leerder se selfoon geblokkeer.

    3.1.2. SMS-web is in staat om 75% van die sogenaamde volwasse kykstof te blokkeer.

    3.1.3. Die koste per SMS is R25 wat 'n jaar se beskerming bied teen hierdie gevaar.

    3.1.4. Waarskuwing: Kinders met Internettoegang via hul selfone is steeds blootgestel aan pornografie wat direk op die selfoon afgelaai kan word.

    3.1.5. **Kontak www.smsweb.co.za / pornblocker.html vir meer besonderhede.**

    3.2. Koop liewer vir 'n leerder 'n goedkoop selfoon **sonder Internettoegang.** Die foon moet slegs kan bel en SMS'e stuur of alternatiewelik moet die ouer of voog op 'n daaglikse basis deeglike kontrole uitoefen, sou 'n leerder die internet op die selfoon gebruik.

    3.3. Kontak die diensverskaffers bv. Vodacom. Hulle het 'n program om 'n selfoon te blokkeer.

4. Geen selfone mag gedurende skoolure, insluitende pouses, aangesit wees nie. Die reël sluit in dat geen selfoon op "silent" mag wees gedurende skoolure nie.
5. Leerlinge mag nie hul selfone tydens pouses, of wanneer hul die klas verlaat, aanskakel om hul ouers te skakel of 'n boodskap te stuur of 'n "miss call" te gee nie.
6. Indien 'n leerling sy/haar ouers dringend moet kontak, kan dit gedoen word vanaf die kantoor, indien dit gedurende skoolure is. (R2 per oproep)
7. 'n Leerling mag gedurende skoolure sy/haar selfoon gebruik, slegs in uiters noodsaaklike en dringende gevalle en slegs as volg:
    7.1. Die selfoon word in teenwoordigheid van 'n personeellid aangesit
    7.2. Die oproep, boodskap word in die teenwoordigheid van 'n personeellid gemaak, gestuur.
    7.3. Die selfoon word direk daarna in die teenwoordigheid van die personeellid afgeskakel en gebêre.
8. Selfone moet te alle tye buite sig gebêre word en mag nie om die nek gehang of in 'n sakkie aan 'n belt gedra word nie.
9. Selfone word op eie risiko skool toe gebring en kosbare onderrigtyd sal nie in beslag geneem word om selfone te probeer opspoor wat óf verloor óf gesteel is nie.
10. Indien 'n leerling sy selfoon verloor het sal die skool geen verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie. Ouers is egter welkom om na skoolure self na die selfoon te soek. Selfone wat as verlore teruggevind word, sal by die kantoor ingehandig word. Leerlinge sal genoegsame bewys, o.a. pin nommer, nommers op die selfoon ens. as bewys moet lewer indien hy/sy die selfoon wil terughê.
11. Gesteelde selfone moet by die SAP aangemeld word sodat hulle die saak kan ondersoek. Geen ondersoeke sal gedurende skoolure toegelaat word nie, aangesien kosbare onderrigtyd verlore gaan. Die skool aanvaar <u>geen</u> verantwoordelikheid indien 'n selfoon gesteel word nie ten spyte van die feit dat ons deurgaans alles in ons vermoë doen om Impies op te voed om hul nie skuldig te maak aan diefstal nie.

B. <u>Oortreding van bogenoemde reëls vir die gebruik van selfone by die skool sal die volgende gevolge hê:</u>

1. Leerlinge wat betrap word dat hulle selfone aangeskakel is tydens skoolure gaan aan die volgende optrede onderwerp word:
    1.1. Die leerling ontvang 'n gedragsinskrywing.
    1.2. Die leerling moet die selfoon se simkaart verwyder en aan die betrokke personeellid oorhandig.
    1.3. Die simkaart word vir 'n tydperk van <u>vier weke</u> in die kluis bewaar waarna die simkaart terugbesorg word.
2. Geen onderhoude ter onderhandeling om die simkaart terug te gee,

sal toegestaan word nie.

3. Leerlinge wat vir 'n tweede keer betrap word dat hulle selfone aangeskakel is tydens skoolure, gaan aan die volgende maatreëls onderwerp word:
   3.1. Die leerling ontvang 'n gedragsinskrywing.
   3.2. Die leerling moet die selfoon se simkaart verwyder en aan die betrokke personeellid oorhandig.
   3.3. Die simkaart word vir 'n tydperk van agt weke in die kluis bewaar waarna die simkaart terugbesorg word.
   3.4. Die betrokke leerling word na die Senior bestuur van die skool verwys vir onderhoud.

   Let wel dat dit oor die leerling se tweede oortreding gaan ongeag of dit 'n nuwe simkaart of 'n ander selfoon is.
4. Sou daar, in alle onwaarskynlikheid, 'n derde oortreding plaasvind, sal die leerling dissiplinêr aangekla word en na die Tugkomitee van die Beheerliggaam verwys word.
5. Die Tugkomitee het die reg om 'n toepaslike straf af te dwing, bv: - 'n leerling wat skuldig bevind word, mag verbied word om by die skool in besit van 'n selfoon te wees.
6. Indien 'n selfoon aangeskakel is tydens skoolure en pouses, en daar is genoegsame bewyse en getuies, sal daar opgetree word teen die betrokke leerling – soos uiteengesit in bogenoemde par. 1 tot 4.
7. Leerlinge wat selfone misbruik kan moontlike skorsing in die gesig staar – na gelang van die erns van die oortreding,
8. Selfoon-inspeksies vind plaas soos en wanneer die Senior Bestuur van die skool dit goed ag. Die dae en tye wanneer die inspeksies plaasvind gaan nie voor die tyd bekend gemaak word nie.
9. Dieselde stappe genoem in 3.1. tot 3.4. hierbo, is van toepassing wanneer 'n leerder tydens 'n selfoon-inspeksie betrap word met 'n selfoon wat aangeskakel is.

C. Die volgende voorbeelde van misbruike van selfone by skole is die rede waarom die beleid uiters noodsaaklik is.

1. Leerlinge wat selfone in skooltyd aansit en wat dan op hul beurt in klastyd lui.
2. Leerlinge sit selfone op "silent" en stuur vir mekaar boodskappe, o.a. antwoorde in toetse.
3. Leerlinge wat by skole, soos in die nuus berig, onwelvoeglike foto's, liedjies en ander media versprei. Indien 'n leerling homself/haarself na skoolure, op die skoolterrein hieraan skuldig maak, sal die SAPD en Ouers onmiddellik gekontak word en die nodige dissiplinêre stappe geneem word.
4. Leerlinge wat die klas verlaat en dan ouers/maats vanuit die badkamers kontak, soms terwyl hulle besig met assessering vir die rapport.

5. Leerlinge wat oor die algemeen selfone misbruik.
6. Leerlinge wie se aandag afgetrek word van die les situasie a.g.v. die opgewondenheid van 'n nuwe selfoon of beheptheid daarmee.

D. <u>Samevatting.</u>

Dit is prakties onmoontlik om elke kind by die skool se selfoon te polisieër. Voorkoming is die beste manier om die probleem aan te spreek. Die **veiligste** keuse is dat die kind **geen Internettoegang** op sy/haar foon het nie. Ons glo dat baie ouers reeds hulle kinders se fone beveilig het. **Indien ouers dit nog nie gedoen het nie, word aanbeveel dat dit so spoedig as moontlik gedoen word. Hier rus 'n reuse verantwoordelikheid op ouers. Dit is in belang van 'n leerder se welsyn en veiligheid.**

- Die personeel en Beheerliggaam van Laerskool Impala, doen 'n vriendelike tog ernstige beroep op ouers, sowel as die leerlinge om saam met ons te werk eerder as teen ons. Die suksesse van Impieland – Spogland berus juis op die positiewe samewerking tussen die personeel en ouers.
- Die onvoorwaardelike ondersteuning van hierdie beleid word versoek, aangesien Laerskool Impala wil verseker dat ouers en voogde waarde vir geld sal ontvang en dat geen onderrigtyd verlore gaan a.g.v. klasontwrigting en ondersoeke na verlore en gesteelde selfone nie.
- Probeer, sover prakties moontlik, eerder dat 'n leerder se selfoon tuis bly en dat hulle daaglikse lewe, nie ook soos volwassenes, deur selfone gereël word nie. Dit gaan ook die hartseer van 'n verlore/gesteelde selfoon voorkom.
- Monitor die inhoudelike op 'n leerder se selfoon op 'n gereelde basis. Leerlinge beskik oor gevorderde selfone wat hulle toelaat om foto's, prentjies, video-snitte, skyfies ens. maklik van en na mekaar te kan stuur. Ouers is dikwels nie bewus van wat op hul kinders se selfone is nie.
- Leerlinge moet hulle weerhou van die versoeking om die selfoon aan te skakel tydens skoolure, op <u>enige</u> plek op die terrein van Laerskool Impala en nie dit ligtelik as 'n "speletjie sien of ek gevang gaan word of nie." Maak hulle attent daarop dat daar altyd oë en ore is wat hoor en sien.
- <u>Die beleid bepaal dat selfone tussen 07:30 en 14:00 op skooldae afgeskakel moet wees.</u>
- Die selfoon reëls is daar om ons leerlinge te beskerm en nie in te kort nie.

Baie dankie dat ons op u samewerking en ondersteuning kan staatmaak en dat u net soos ons, die kinders se veiligheid op die hart dra.

Beleid hersien Maart 2015